

'n Kort geskiedenis van donkies in Suid-Afrika

Jy sal die volgende woorde in die onderstaande leesstuk vind. Die woorde wat naby mekaar staan, word saam in die paragraaf gebruik.

oorspronklik mak maak dors slootjie regop balk eer
 grootskaalse plase kleinboere platteland vernielsugtig voorkeur
 van uitgewis kanale aktief ontmoedig vastrap voorkeur

Lasdiere

Donkies word dikwels lasdiere genoem. Enige dier wat gebruik word om iets te trek of te dra word 'n lasdier genoem. Diere wat gebruik word om goed op hulle liggame te **dra**, staan ook as **pakdiere** bekend. Diere wat gebruik word om iets te **trek**, word **trekdiere** genoem.

Die eerste mense wat pakdiere in Suid-Afrika gebruik het, was die Khoekhoen. Hulle het vee gebruik om hulle goed te **dra**, om op te ry en om oorloë te voer. Later, in die sewentiende eeu, nadat die Europese setlaars hier geland het, het hulle osse begin gebruik om hulle waens en ploë te **trek**.

Donkies is afstammeling van wilde donkies in Afrika en Asië. Afrika het twee verskillende tipes, die Nubiese wilde donkie in die noorde, en die Somaliese wilde donkie in die ooste. Ongeveer 5 000 jaar gelede is die donkies mak gemaak. Hulle is as pakdiere in die Sahara gebruik voordat kamele in die derde eeu vir die eerste keer na Afrika ingevoer is (uit Arabië). Hoewel hulle eintlik uit Afrika afkomstig is, het die eerste donkies wat in 1656 in Suid-Afrika aangekom het van Europa gekom. Hulle is as beide **pak-** en **trekdiere** op plase gebruik.

Donkies op plase

Donkies word op plase gebruik sedert hulle meer as 300 jaar gelede na Suid-Afrika gebring is, en dikwels word hulle nog steeds op dieselfde manier gebruik.

Ploeg

Voordat saad gesaai kan word, moet die grond deur 'n ploeg voorberei word. Donkies kan 'n klein ploegie trek, solank iemand die handvatsels vashou om die ploeg te stuur. Die ploeg se skaar steek in die grond in, dolwe dit om en maak 'n slootjie.




PHOTO © PETA JONES

Vroeë koringboere

Aan die begin van die twintigste eeu het boere in Namakwaland in die Noord-Kaap en in die Noord-Westelike Provinsie donkies gebruik om koring te dors. Die koringare is op 'n vloer (dorsvloer) uitgepak wat spesiaal daarvoor gemaak is. Donkies is gebruik om oor die koringare te loop, en so is die koring van die kaf geskei.

In daardie dae het feitlik elke plaas in Namakwaland 'n perdemeul gehad. Hoewel dit 'n perdemeul genoem word, is donkies ook gebruik. Die meul is 'n masjien van hout, met 'n groot regop balk waar donkies ingespan word. Hulle loop in 'n kring en die balk draai 'n groot wiel met 'n kleiner wieletjie bo-op. Hierdie wieletjie draai 'n groot klip wat die koring maal om meel te maak.



Donkies in die myne



Donkies is egter nie net op plase gebruik nie. In Polokwane is daar 'n standbeeld van 'n donkie ter ere aan die rol wat donkies gespeel het om goud te myn.

Dit is wat op die gedenkplaat staan:

DONKIE DEUR JO ROOS
BELAS MET DIE GOUDNYWERHEID HET DIE
DONKIE PIETERSBURG DEUR DIE TYD VAN DIE
MYNBOU GEDRA, 1871–1892
OPGEDRA DEUR DIE LANDBOU-VERENIGING
VAN DIE DISTRIK PIETERSBURG 1986.07.31


Donkies is ook in die asbes- en diamantmyne in die Noord-Kaap gebruik. In Kimberley het donkies klein waentjies genaamd koekepanne getrek. Die koekepanne het klein wieletjies wat op 'n spoor loop – amper soos 'n treintjie op 'n treinspoor. Die donkies het die spesiale grond, kimberliet, waarin diamante voorkom, uit die myn na buite gedra. Die kimberliet is daarna op die grond uitgegooi en met die hand fyner gebreek. Daarna is masjiene gebruik om die ru-diamante van die grond te skei.

Donkies en water

Donkies help om damme te bou

Vir langer as 100 jaar is donkies in die Karoo gebruik om te help om **damme te bou**. 'n Span donkies wat bestaan uit ses tot agt donkies het saam 'n soort skraaper getrek om die grond te skraap en terselfdertyd op te tel. Die skraaper moes gestuur word terwyl die donkies dit trek. Donkies kan vandag nog aan damme werk wat moeilik is om met moderne masjiene te bereik, en hulle hoewe trap bowendien die grond baie beter vas.

Upington



Op Upington is daar 'n standbeeld wat die donkie en sy rol in die dorp se waterstelsel vereer. Upington is in die Noord- Kaap, 'n baie droë streek, geleë. Die dorp is, soos 'n mens kan verwag, op die oewer van die Oranjerivier aangelê. In die 1880's is stukke grond aan mense gegee om plase te begin. Abraham September, 'n vrygelate

slaaf, het ook grond gekry. Hy het met behulp van donkies kanale gegrawe om water van die rivier af na die plaas te lei. Sommige van die kanale word vandag nog gebruik.

Die standbeeld van die donkie op Upington toon 'n donkie wat 'n waterpomp, bekend as 'n bakkiespomp, trek. Die waterpomp bestaan uit twee wiele wat met 'n ketting aanmekaar gekoppel is. Aan die ketting is daar staalemmers wat water skep wanneer hulle diep in die ondergrondse put afsak. Die donkie word met 'n balk aan die waterpomp vasgemaak en loop in 'n kring om die pomp te laat werk.

'n Droewige tyd vir donkies

Donkies is ongeveer 300 jaar lank as lasdiere op plase in Suid-Afrika gebruik. Toe die trekker en brandstof egter verskyn, het die groot plase hulle nie meer nodig gehad nie en donkies was dus nie meer so waardevol soos vantevore nie.

In die tweede helfte van die twintigste eeu is die gebruik van donkies aktief ontmoedig. Sommige redes hiervoor was die tekort aan kennis oor donkies se bruikbaarheid, verkeerde opvattinge oor donkies, byvoorbeeld dat hulle vernielsugtig is en die voorkeur van voertuie wat met brandstof loop, soos trekkers en bakkies, bo diere. In Thaba 'Nchu in die Vrystaat is donkies verban en in die destydse Transkei is hulle hoër as ander vee belas. Maar moontlik die droewigste tyd in die donkies se geskiedenis in Suid-Afrika was toe derduisende donkies in Bophuthatswana (’n voormalige tuisland, nou deel van die Noord-Westelike Provinsie) in die vroeë jare 1980 uitgewis is. Die mense in gesag het geglo dat daar te veel donkies was, maar die mense wie se donkies doodgeskiet is, het ’n kosbare hulpmiddel verloor.

Vervoer

Karre

Donkies is honderde jare lank gebruik om karre en waens te trek voordat motors verskyn het. Hulle doen dit vandag nog. Die groot verskil tussen die karre en waens van die verlede en dié wat vandag gebruik word, is die wiele. Deesdae het die wiele bande wat met lug opgepomp word, maar in die verlede is die wiele van yster gemaak.



Sleë

As jy nie ’n kar gehad het nie, was ’n goeie manier om goed te vervoer om ’n sleë te gebruik. ’n Sleë is ’n voertuig sonder wiele wat oor die grond gesleep word. ’n Y-vormige tak of boomstam maak ’n goeie sleë. Daar was boere wat met die wisseling van die seisoen na ’n ander plek toe getrek het. Donkies het ’n sleë met al hulle besittings getrek. Hulle is nie toegelaat om die sleë op die wapad te trek nie omdat dit die pad sou verniel, daarom moes hulle deur die veld trek.

Die Karretjiemense



Foto deur Mike de Jongh

Die mense van die Karoo wat bekend is as die Karretjiemense besit donkies wat karretjies trek. Al hulle besittings word op hierdie karretjies gelaai, want, soos hulle voorouers, die Khoekhoen en die San, bly die Karretjiemense altyd aan die trek. Hulle beweeg tussen die skaapplase van die Groot Karoo waar hulle langer as 'n honderd jaar al as skaapskeerders werk. Hulle reis deur die provinsies van Wes-Kaap, Oos-Kaap en Noord-Kaap.


Die Karretjiemense kan vergelyk word met mense wat met hulle woonwaens van kampeerplek na kampeerplek reis en elke keer kamp opslaan. Daar is egter een groot verskil – die Karretjiemense is baie arm. Hulle donkies is hulle motor en hulle karretjie is hulle woonwa. Die karre is saamgeflans uit ou of stukkende perdewaens en motors. Wanneer hulle kamp opslaan, maak hulle hul skuiling effe meer gerieflik deur stukke dakplate, hout, sak en plastiek aan die karretjie vas te maak.



Foto deur Mike de Jongh

In die verlede het boere die Karretjiemense gewoonlik tydens skeertyd op hulle plase kamp laat opslaan. Deesdae laat min boere hulle egter toe om op hulle plase te kampeer. Die Karretjiemense kampeer meestal op oop grond langs die pad of op ander grond wat nie aan boere behoort nie. Die donkies wei los in die gebied naby die kamp. Donkies kan, anders as perde, 'n verskeidenheid gras, bossies en blare eet. Daarom oorleef hulle baie goed in die half-dorre Karoo waar daar min weiding is.

Foto deur Mike de Jongh



Elke donkie wat aan 'n gesin behoort, het 'n naam. Die jongste seun van die gesin gee die vulletjie wat gebore word 'n naam. Die Karretjiemense sou nie kon bestaan sonder hulle waardevolle donkies nie. Donkies is hardwerkende, intelligente diere wat maklik hanteer kan word wanneer hulle goed versorg en waardeer word.